CRF LEDENUUSBRIEF
AUGUSTUS 2020



**CRF LEDENUUSBRIEF – AUGUSTUS 2020**

**BESTE LID**

Die jaar 2020 sal vir die res van ons lewens in ons geheues vasgebrand wees. Ons het almal 'n storie om te vertel – hoeveel dit ook al mag verskil. Ons beleef 'n tydperk wat reeds in die geskiedenisboeke aangeteken word as "tydens die Covid-19-pandemie …". Elkeen het op die een of ander manier gely, of ken iemand wat finansiële of persoonlike verlies gely het, of op gesondheidsgebied geskrik het. Ek onthou 'n aanhaling van 'n wyse onbekende bron wat gesê het: Die verskil tussen struikelblokke en trapklippe is hoe dit gebruik word. Dit is in tye soos hierdie dat ons dankbaar moet wees vir die bates en stabiele elemente in ons lewens. Jy as CRF-lid het op hierdie oomblik die versekering dat jou Fonds steeds sterk staan en dat jou Raad van Trustees en sy bekwame beleggingspan na jou aftreespaargeld omsien.

Covid-19 het talle van ons beplande lede-aktiwiteite vir 2020 tot niet laat gaan, en ons moet vinnig plan maak om by julle uit te kom sodra die regulasies verslap is en die meeste van julle weer terug is op kantoor.

Een van die kommunikasie-aktiwiteite in die pyplyn vir die res van die jaar sluit ons jaarlikse Finansiële Welstand-skakeltoer in, wat geskeduleer is om in Oktober/November plaas te vind indien reisbeperkings dit toelaat. Die uitstuur jaarlikse voordeelstaat vir die finansiële jaar wat in Junie 2020 geëindig het, sal ook later hierdie jaar gebeur.

Ons sien uit na die Trusteeskakeltoer vroeg in 2021, wanneer ons – die Trustees – by die kommunikasiespan aansluit en na die hoofsentrums reis om julle te ontmoet en hoogtepunte van die afgelope finansiële jaar met julle te deel, wat insluit die groei in ledetal tot meer as 50 000 soos teen die einde van Junie 2020, en bates van meer as R28 miljard! Ons hoop om talle van julle tydens hierdie werkswinkels te ontmoet.

**Opwindende verwikkelinge …**

Al het die staat van inperking so baie dinge gedemp, het daar 'n paar uiters opwindende veranderings in die Fonds plaasgevind. Ek is opgewonde om met julle te deel dat die CRF met ingang van 1 Julie self die administrasie hanteer. Julle weet dat ons van tyd tot tyd ons diensverskaffers en koste om die Fonds te bedryf, hersien om te verseker dat julle altyd die beste diens teen die beste moontlike koste ontvang. Albei hierdie redes het bygedra tot die besluit om die CRF-administrasie intern te hanteer. Lees alles oor die nuwe administrasie in hierdie nuusbrief.

Ons is baie trots en opgewonde om 'n splinternuwe CRF-App bekend te stel. Laai die App asseblief in die Android- en iStore-winkel af, registreer en werk julle persoonlike besonderhede by. Julle staan 'n kans om moontlik 'n fantastiese prys te wen. Lees die artikel hieronder vir al die besonderhede.

In die April-nuusbrief het ek gemeld dat voorgeskrewe bates weer ter sprake kan kom, wat toe wel gebeur het. In die Finansiële Bulletin vir Julie, wat per e-pos aan julle gestuur is, het ons hierdie onderwerp volledig gedek, en ons het ook 'n hersiene uitgawe van die artikel in hierdie nuusbrief. Die slotsom is dat julle nie nodig het om paniekbevange te raak nie – ons sal julle ingelig hou.



**Infonds-pensioen- en Infonds-Lewendeannuïteitopsie nou vir jou gade beskikbaar!**

Reëlwysiging 11 is geregistreer en goedgekeur effektief 1 April 2020. Lede wat sterf en ’n kwalifiserende gade agterlaat, kan skriftelik versoek dat die sterftevoordeel of ’n gedeelte van die voordeel betaalbaar aan die oorlewende gade nadat die 37C-ondersoeke afgehandel is na die Infonds-Lewendeannuïteit- of die Infonds-pensioenopsie oorgeplaas kan word. Dit sal dan vir die oorlewende gade moontlik wees om ’n maandelikse pensioen van die Fonds te ontvang, teen die Fonds se verlaagde kostestruktuur.

Hulle sal ook **finansiële advies van Portfolium** ontvang, wat verseker dat hulle ingeligte besluite neem wat by hulle finansiële behoeftes aanpas. Sodra die uitkeuring van die lid se sterftevoordeel deur die Raad van Trustees goedgekeur is, sal een van ons aftreefonds-raadgewers die oorlewende gade kontak om die betaalopsies te verduidelik wat tot hulle beskikking is.

**Pas op!**

Daar is maatskappye en konsultante wat beweer dat hulle CRF-produkte verkoop. As jy wil seker maak, of as jy dit oorweeg om af te tree of te bedank, kontak een van ons aftreefonds-raadgewers by 0861 273863. Hulle sal die annuïteitopsies of bewaringsopsies verduidelik wat in die CRF beskikbaar is. Jy kan in Engels, Afrikaans of Xhosa hulp ontvang.

Bly asseblief veilig en gesond.

Soyisile Mokweni
Voorsitter

**SKRYF IN VIR ONS GELUKKIGE TREKKING – LAAI DIE NUWE CRF-APP AF**

Die App is in die “App-stores” beskikbaar en jy kan dié maklike stappe hieronder kan volg om te registreer.

Deur te registreer en jou persoonlike besonderhede by te werk, word jy outomaties ingeskryf vir ’n gelukkige trekking en staan jy ’n kans om een van die volgende wonderlike pryse te wen:

1ste prys: R20 000 se effektetrustbelegging wat deur Portfolium geborg word

2de prys: R10 000 se effektetrustbelegging wat deur Portfolium geborg word

3de prys: CRF-geskenkpakkie

4de prys: CRF-geskenkpakkie

5de prys: CRF-geskenkpakkie

**Hoe skryf jy vir die gelukkige trekking in?**



- Besoek die App-store.
- Soek na Consolidated Retirement Fund of CRFund.
- Kies die CRF-App en installeer.
- Wanneer dit geïnstalleer is, maak dit oop om aan te teken/registreer.
- Tik jou RSA-identiteitsnommer, werknemernommer (betaalnommer), e-posadres en selfoonnommer in om voort te gaan. (Al hierdie besonderhede moet korrek wees in die CRF-stelsel, anders sal jy nie kan registreer nie. As jy probleme ervaar, kontak asseblief die Ledesentrum om jou persoonlike besonderhede by te werk.)
- Tik die OTP in wat per SMS gestuur word na die selfoonnommer wat jy verskaf het.
- Jy sal gevra word om 'n persoonlike aanteken-PIN te skep.
- Werk jou persoonlike besonderhede by/kontroleer dat dit reg is.

Wanneer jy die eerste keer op die CRF App toegang tot jou profiel kry, gaan asseblief na die bladsy met jou persoonlike besonderhede en kliek op die bywerkknoppie (Update) om jou persoonlike besonderhede by te werk. Indien dit wel korrek is, moet jy op die 'Validate'-knoppie kliek om te bevestig dat jou persoonlike besonderhede korrek is. Hierdie stap is verpligtend wanneer jy die eerste keer aanteken en jy sal gevra word om dit te doen voordat jy uit die persoonlikebesonderhede-bladsy of uit die CRF App kan gaan. Dit is ook verpligtend as jy vir die gelukkige trekking wil kwalifiseer.

**Waarom moet jy oor die App opgewonde wees?**

Wanneer jy geregistreer is, sal jy al jou Fondsinligting op jou vingerpunte hê. Hier is 'n paar van die opwindende funksies wat tot jou beskikking is:

- ✓ Kyk na jou jongste Fondswaarde.
- ✓ Kontroleer en werk jou persoonlike besonderhede by.
- ✓ Kontroleer en verander jou begunstigdes.
- ✓ Kontroleer die vordering van jou eis.
- ✓ Kyk na jou risikovoordekw
- ✓ Kontroleer jou jongste beleggingsportefeulje(s).
- ✓ Skryf in vir toekomstige CRF-kompetisies waar jy 'n kans staan om wonderlike pryse te wen.
- ✓ Nuutste nuus.
- ✓ Besonderhede van die volgende werkswinkels.
- ✓ Waardes van huislenings.
- ✓ Begrafnisdekking

Nog 'n uitstekende funksie sal wees dat indien jy nie kry waarna jy soek nie, jy met die druk van 'n knoppie 'n boodskap aan jou CRF-ledesentrum kan stuur sodat 'n konsultant jou binne 48 uur kan kontak om jou met jou navraag te help.

Registreer vandag of voor **16 November** om vir die gelukkige trekking te kwalifiseer. As jy enige probleme ervaar om te registreer, kontak asseblief die Ledesentrum by 0861 CRFUND (0861 273863).



**CRF-ADMINISTRASIE INTERN VANAF 1 JULIE 2020 – hoe baat jy by die veranderinge?**

Ons is opgewonde om te bevestig dat die CRF-data suksesvol vanaf die Fonds se vorige administrateur af na die Fonds se interne administrasiespan toe oorgeplaas is, en ons wil hierdie geleentheid gebruik om die besonderhede van die verskuiwing met julle te deel.

Ons het tydens ons Trusteeskakeltoer vroeër hierdie jaar die Raad van Trustees se besluit aangekondig om die administrasie intern te behartig. Sedertdien het sommige van julle werklik interessante vrae gevra, en hier is die antwoorde op die top drie vrae wat ons ontvang het.

1. Sal dit my sak raak?
Ja, beslis! Maar op 'n positiewe manier. Gegewe die ekonomiese klimaat, is dit belangrik dat die Raad van Trustees na al die beskikbare opsies moet kyk om koste vir jou te verlaag. Die verandering in administrateurs stel die Fonds in staat om die administrasiefooi vanaf R44,38 tot ongeveer R3,,00 per lid per maand te verlaag, wat beteken dat jy meer geld het om vir jou aftrede te spaar.

2. Wat is die verantwoordelikheid van die Fonds se administrateur, en raak die verandering in administrasie die manier waarop my geld belê word?
Die Fonds se administrateur is verantwoordelik vir die daaglikse administratiewe prosesse soos die toewysing van bydraes en die verwerking van eise. Hulle het geen impak op hoe jou geld belê word nie. Dit bly die verantwoordelikheid van die batebestuurders, onder die versigtige toesig van die Trustees en die Fonds se beleggingskonsultant.

3. Watter verbeterings aan die administrasiedienste kan jy verwag?

Uitnemende diens aan jou bly ons eerste prioriteit. Kom ons kyk na die nuwe administrasie en die verskillende dienste wat beskikbaar is.

Deur die pas aangekoopte, moderne stelsel te gebruik, is die CRF-span se hoof fokus om administrasiewe dienste aan jou te verbeter. Beter omkeertye kan met alle eise verwag word. Gereelde bywerkings op jou rekord sal jou oor elke stap ingelig hou. Die nuwe adminspan sal jou MH-departement dadelik in kennis stel wanneer enige van die verlangde inligting uitstaande is sodat onnodige vertragings vermy kan word.

Jou begunstigde-nominasie inligting is op jou rekord beskikbaar en jy kan jou begunstigdes enige tyd aanlyn nagaan en bywerk.

Die rekonsiliasie van bydraes sal ook vinniger gebeur. Voorheen het die nie-toewysing van bydraes veroorsaak dat sommige eise lank vertraag is en lede nie hulle Fondswaardes, wat die



jongste bydraes ingesluit, kon sien nie. Die adminspan sal opvolg om seker te maak dat bydraes teen die 7de betaal word en dat skedules teen die 15de van elke maand vir die voorafgaande maand ingedien word, soos voorgeskryf in die Wet op Pensioenfondse.

Kontroleer en verander jou risikovoordeelkategorie voor 30 April elke jaar indien nodig, sodat dit in Julie geïmplementeer kan word.

Laai jou daaglikse voordelestaat af. Eenheidspryse word nou elke dag bygewerk, met 'n tweedag-wagtyd voordat dit op jou rekord wys, kan dit gereeld nagaan om te kyk hoeveel geld jy in die Fonds het.

As jy enige vrae het of meer inligting oor enige van bostaande dienste verlang, kontak asseblief die Ledesentrum op 0861 273863 vir hulp.

Alle administratiewe vorms is op www.crfund.co.za onder Forms beskikbaar.

Jy kan die groei in Fonds op alle portefeuljes op die webwerf nagaan.

Vra 'n beleggingsomskakeling aan. As jy na 'n ander portefeulje wil omskakel, dien asseblief jou omskakelingvorm by crfswitches@crfund.co.za in. Onthou dat wanneer jy 'n beleggingsomskakelingsvorm indien, word die omskakeling op die tiende werksdag ná ontvangs van jou beleggingsomskakelingsvorm in werking gestel. Ons moedig jou aan om jou finansiële adviseur te kontak om seker te maak dat enige omskakelings wat jy wil maak met jou algehele aftreeplan ooreenstem.
Soos jy weet, het die CRF die Lewenstadiumbeleggingstrategie verlede jaar bekend gestel, en as jy nie jou eie beleggingsportefeulje wil kies nie, sal die Raad van Trustees nadat jy 55 jaar oud geword het jou geld na 'n meer konserwatiewe portefeulje verskuif om jou belegging te beskerm. Jy sal in kennis gestel word wanneer omskakelings in die Lewenstadium-model gemaak word.

Weer eens, skakel die CRF vir bystand en ons sal 'n adviseur van Portfolium vra om jou te kontak.

**In 'n neutedop: wat om van die nuwe interne administrasie te verwag:**

- Verlaagde administrasiefooi
- Beter dienslewering
- Beheer van eiseprosesse
- Beter en meer gebruikervriendelike CRF-App
- Maklike toegang tot Fondsinligting

---

**NUWE LEDEPORTAAL – REGISTREER deur middel van die webwerf vir toegang tot die nuwe ledeportaal:**
- Besoek die Fonds se webblad, www.crfund.co.za.
- Kliek op die "Member Login"-knoppie.
- Kliek op login/register.



- Tik jou RSA-identiteitsnommer, werknemernommer (betaalnommer), e-posadres en selfoonnommer in om voort te gaan. (Al hierdie besonderhede moet korrek wees op die CRF-stelsel, anders sal jy nie kan registreer nie. As jy probleme ervaar, werk asseblief jou persoonlike besonderhede by of kontak die Ledesentrum.)
- Tik die OTP in wat per SMS gestuur word na die selfoonnommer wat jy verskaf het.
- Jy sal gevra word om ’n persoonlike aanteken-PIN te skep.
- Werk jou persoonlike besonderhede by/kontroleer dat dit reg is.

Kontroleer en werk jou persoonlike inligting by om seker te maak dat ons jou jongste inligting op rekord het.

---

**HOE HET ONS TYDENS DIE COVID-19-INPERKING IN KONTAK GEBLY?**

Die kommunikasiespan het hulle bes gedoen om soveel kommunikasiekanale as moontlik tydens die staat van inperking vir julle oop te hou, en ons kan bevestig dat talle van julle ons deur middel van hierdie platforms gekontak het.

’n Toegewyde konsultant het die support@crfund.co.za e-posadres bestuur om op julle navrae te reageer toe die staat van inperking op 27 Maart 2020 afgekondig is.

Jy kon vir ons ’n boodskap stuur op ons WhatsApp-nommer, 021 915 3500, en ’n konsultant sou jou gekontak het om jou te help.

Sedert Mei was die Ledesentrum weer in bedryf, en jy kon die Fonds met jou navrae skakel.

Die induksie van nuwe lede het deur middel van Zoom en Microsoft Teams hervat, en ons bied ook virtuele lidonderrigwerkswinkels in klein groepe aan as jy die jongste inligting oor jou voordele wil hê. Skakel ons as jy enige van jou voordele wil bespreek – ons kan alles moontlik om jou virtueel te help virtueel doen.

Instaplede/-besoekers aan die Fonds of besoeke aan munisipaliteite word steeds nie toegelaat nie, maar gebruik asseblief een van bogenoemde platforms om ons te kontak. Ons sien daarna uit om weer met ons werkswinkels, welstandsdae en skakeltoere te begin sodra regulasies dit toelaat.

**HET JY GEWEET?**

Hier is ’n paar redes om jou aan jou risikovoordele in die CRF te herinner, en waarom dit belangrik is om dit op ’n gereelde grondslag te hernu …

Die ongeskiktheidsvoordele vir **kategorie A en B** verminder vanaf die ouderdom 55 jaar volgens wet met ’n 120ste per maand.

Kategorie D is beskikbaar SLEGS vir lede ouer as 50, en vir raadslede wat nie vir sterfte-, ongeskiktheids- of gevreesdesiekte-dekking voorsiening wil maak nie. Bespreek asseblief met ’n adviseur van Portfolium voordat jy hierdie opsie oorweeg.



Kategorie G bied 'n minimale sterftevoordeel van 1 x jou jaarlikse pensioendraende salaris. Hierdie kategorie moet oorweeg word as jy baie ander versekering buite die Fonds het en nadat jy met 'n finansiële adviseur by Portfolium konsulteer het.

**Kategorie A, B, C en E** dek jou vir gevreesde siektes, en indien jy as gevolg van Covid-19 'n siekte opdoen wat onder die gevreesdesiekte-dekking val, sal jy kan eis.

**Kategorie E** sluit ook **'n oorlewende voordeel** in, wat ekstra dekking bied bo en behalwe die sterftevoordeel wat betaalbaar word wanneer 'n lid wat die maandelikse ongeskiktheidsvoordeel het, sterf voordat die voordeel ingevolge die polis se bepalings en voorwaardes sou staak. In so 'n geval word 'n voordeel van drie keer die lid se maandelikse inkomste verdeel tussen die lid se afhanklikes soos deur die Fonds bepaal word.

**Byvoordele:** Premies wat ten opsigte van dekking vir begrafnis, gevreesde siekte en maandelikse-inkomste ongeskiktheid (soos met **risikokategorie E**) aan die versekeraar betaal word, moet deur jou werkgewer as 'n byvoordeel belas word. Dit verseker dat wanneer jy 'n eis vir die voordeel indien, dit nie belas word wanneer die betaling gemaak word nie.

**Familiebystandsvoordeel**

Alle lede word ingevolge die Familiebystandsvoordeel gedek, wat aan jou toegang tot "Hello Doctor" gee. Dit kan tydens die Covid-19-pandemie baie nuttig wees.

**VOORGESKREWE BATES EN CRF SE TOEWYSING VAN ALTERNATIEWE**

Voorgeskrewe bates is die afgelope paar maande weer gereeld in die nuus. Die Fonds se beleggingskonsultant werp in die volgende artikel 'n bietjie lig op onlangse opskrifte:

Soos CRF-lede onlangs in die media gelees het, het die kwessie van voorgeskrewe bates vir aftreefondse weer eens die hoofopskrifte gehaal. Dit is nie 'n nuwe kwessie nie, en die ekonomiese impak van die Covid-19-pandemie het dit weer na die voorgrond gebring omdat die land die ekonomie aan die gang wil kry en maniere soek om van die ekonomiese krisis te herstel wat deur die pandemie veroorsaak is.

Die gesprekke oor voorgeskrewe bates hoef nie vrees en paniek vir die lede van aftreefondse te veroorsaak nie. Die retoriek is al jare lank aan die gang, en die realiteit is dat Suid-Afrikaanse aftreefondse ingevolge Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse reeds beperk word ten opsigte van hoeveel hulle in sekere segmente van die finansiële mark kan belê, en ook wat buite die land belê kan word.

Regulasie 28 is mettertyd gewysig om die buitelandse toewysing te verhoog en aftreefondse die vermoë te gee om in alternatiewe bateklasse te belê, wat privaat aandele, verskansingsfondse, direkte eiendom en privaat skuld insluit. Hierdie veranderinge aan Regulasie 28 was alles positiewe verwikkelinge vir aftreefondse. Suid-Afrika is bevoorreg om 'n groot spaarpoel te hê, wat dit moontlik maak om infrastruktuur en ontwikkeling te befonds en nie te veel op buitelandse kapitaal staat te maak nie. Dit is byvoorbeeld nie ongewoon vir Amerikaanse en Australiese pensioenfondse



om in alternatiewe bateklasse te belê wat in die reële ekonomie belê en plaaslike ontwikkeling en werkskepping befonds nie.

Suid-Afrikaanse aftreefondse het nie werklik alternatiewe bates op dieselfde manier as hulle buitelandse kollegas benut nie, en dit is waarom voorgeskrewe bates weer eens ter sake geword het. Hoewel voorgeskrewe bates dalk 'n suboptimale manier is om die nodige uitkomste te bereik, moet daar wel 'n hertoewysing van kapitaal wees om die plaaslike ekonomie beter te ondersteun en volhoubare en vooruitstrewende gemeenskappe te skep waarin CRF-lede kan aftree. Volgens RMB Navorsing is Suid-Afrika se blootstelling aan die JSE se Top 40-aandele-indeks maar net ongeveer 30,8%. Die rede hiervoor is dat die Top 40-indeks oorheers word deur groot multinasionale ondernemings met bedrywighede in talle ander lande (byvoorbeeld Naspers), en die feit dat Suid-Afrikaanse maatskappye ook na die buiteland uitgebrei het.

Hoewel aftreefondse dus voortgaan om in ons plaaslike aandelebeurs te belê, bly 'n kleiner persentasie van die kapitaal in Suid-Afrika oor om plaaslike ontwikkeling te befonds. Talle plaaslike aftreefondse het nie hulle toegelate toewysings vir alternatiewe en ongenoteerde bates gebruik nie. CRF, daarenteen, het leierskap op die gebied getoon. CRF het belê in bates wat nie net goeie kommersiële opbrengste bied nie, maar ook 'n positiewe impak op die samelewing en die omgewing het. Soos teen die einde van Mei 2020 was CRF se toewysing aan alternatiewe soos volg: CRF het 18,4% in alternatiewe belê, waarvan 12,4% geklassifiseer kan word dat dit 'n positiewe impak op die samelewing en die omgewing het. CRF het 3,5% in infrastruktuur belê, 3,1% in ongenoteerde eiendom en 5,6% in privaat skuld. Nie net het hierdie beleggings 'n groot impak op die plaaslike ekonomie gehad nie, maar dit het ook uitnemende opbrengste gelewer vergeleke met die genoteerde markte. Alle opbrengste is sonder gelde en koste. Vorige prestasie moenie geëkstrapoleer word nie en is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Elke bestuurder se prestasie word getoon vergeleke met 'n genoteerde maatstaf (in grys). Dit is duidelik dat alternatiewe vir aftreefondse wat die kapasiteit en tyd het baie goeie en konsekwente opbrengste kan verskaf, maar ook plaaslike groei en ontwikkeling kan ondersteun. Indien ander aftreefondse CRF se voorbeeld volg, kan dit 'n geweldige verskil aan die plaaslike ekonomie maak, en indien dit verstandig gedoen word, behoort dit nie tot 'n swakker opbrengs te lei nie.

As ons na voorgeskrewe bates terugkeer, is daar op hierdie stadium geen besonderhede oor watter bates voorgeskryf sal word, of wat die bedrag sal wees nie. Dit is dus vir CRF baie moeilik om op hierdie stadium 'n mening te vorm oor of ons voorgeskrewe bates ondersteun of nie. Indien dit egter ingestel word, en dit nie in CRF-lede se beste belang is nie, sal CRF stappe doen en namens die lede met die tersaaklike belanghebbers onderhandel. Dit is ook moontlik dat CRF reeds kan voldoen indien 'n persentasie in byvoorbeeld infrastruktuurbeleggings voorgeskryf word. Dit is die voordeel om deel van 'n proaktiewe, risiko-gefokusde en goed bestuurde aftreefonds te wees.

Ter opsomming: voorgeskrewe bates is reeds baie jare lank op die agenda, en tot nou toe is daar geen konkrete planne oor die implementering daarvan voorgestel nie. Lede hoef nie paniekbevange te raak nie, aangesien ons waarskynlik nog 'n ver pad het om te loop ten opsigte van enige beweging oor hierdie kwessie (indien dit hoegenaamd gaan gebeur). CRF-lede kan



egter gerus wees dat die CRF proaktief is op hierdie gebied deur in goed presterende bates te belê wat ook 'n positiewe maatskaplike en omgewingsimpak het.

Vrywaring
Raad van Trustees
Kontakbesonderhede – alle mediums
Fisiese adres: CRF-gebou, Bridalslot 4, Tyger Falls, Bellville 7530
Posadres: Posbus 4740, Tygervallei 7536